SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 29 AUGUSTUS 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die Border Radioklub die heengaan van Ralph Ward, Z22JD, op 9 Augustus moet aankondig. Ralph is op 6 Junie 1923 gebore en het in Port Elizabeth groot geword. Nadat hy die skool verlaat het, het hy by die Telegraafafdeling van die Poskantoor begin werk. Deur sy vaardigheid met die Morsekode en sy belangstelling in radio, het Ralph in die laat dertigerjare 'n radioamateur geword.

Tydens die tweede wêreldoorlog het hy in die Seinkompanie van die Sesde Infantriebrigade gedien. Na die oorlog het hy by ZSQ, die Poskantoor se Kusna Skeepradiostasie gewerk totdat hy na Rhodesia verhuis het en by die Federale Uitsaaikorporasie, later die Rhodesiese Uitsaaikorporasie, aangesluit het. Sy roepsein was in daardie jare ZE2JD. Ralph het later by die SAUK in King Williams Town aangesluit waar hy, tot aftrede, in die sender-departement gewerk het. Sy roepsein was ZS2EW. Omdat hy nog baie aktief was het hy by die radioafdeling van die Ciskeise Lugdiens begin werk vir 'n klompie jare voordat hy terug is na Harare op semiaftrede. Sy finale roepsein was Z22JD. Ralph was 'n antennaspesialis en die Maart 1968 uitgawe van Radio ZS bevat sy artikel oor die ontwerp van "A HOMEBREW TRI-BAND BEAM". Ralph laat sy seun Clive en 'n kleinseun na. Ons betuig ons innige meegevoel aan hulle, ander familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

SARL HF-GG-KOMPETISIE

UITSLAE VAN DIE 80 METER QSO-GESELLIGHEID

RADIOTEGNOLOGIE IN AKSIE VIDEO

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie

later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SARL HF-GG-KOMPETISIE

Die SARL se HF-GG-kompetisie vind vanmiddag, Sondag 29 Augustus plaas. Neem asseblief kennis dat die kompetisie om 15:00 begin en om 18:00 SAT eindig. Die kompetisietydperk is verkort weens die swak voorplantingstoestande en die klein getal deelnemers. Aktiwiteit sal plaasvind in die bandgedeeltes 14,030 tot 14,060 MHz; 7,010 tot 7,035 MHz en 3,510 tot 3,560 MHz. 'n RST-rapport en 'n reeksnommer beginnende by 001 word uitgeruil. Die reëls is beskikbaar op die SARL se webwerf www.sarl.org.za en is ook met HF Happenings No 110 en 111 uitgestuur.

Logstate kan per e-pos aan zs4bs@netactive.co.za gestuur word, of per gewone pos na Dennis Green, Posbus 12104, Brandhof, 9324. Voorspoed aan al die deelnemers.

UITSLAE VAN DIE 80 METER QSO-GESELLIGHEID

Die Kompetisiekomitee het die uitslae van die eerste been van die 2004 SARL 80 meter QSO-geselligheid, wat op Donderdag 1 April gehou is, bekend gemaak. Die komitee het slegs vyf logstate ontvang. Die uitslae is as volg:

1ste Jan Botha, ZS4JAN 310 punte; 2de Pieter Jacobs, ZS6XT 300 punte; 3de George Honiball, ZS6NE 250 punte; 4de Kurt Linsin, ZS5KL 120 punte; 5de Dennis Green, ZS4BS 20 punte.

Op Donderdagaand 7 Oktober 2004 word die tweede been van die 80 Meter QSO-geselligheid gehou.

RADIOTEGNOLOGIE IN AKSIE VIDEO

Eddie, ZS6BNE, het 'n video van die verwelkomingspraatjie van Graham, ZS6GJH, en ook sekere van die voorleggings. Die video loop ongeveer 2 uur. Enigiemand wat 'n kopie op CD of band wil hê, kan vir Eddie, ZS6BNE, kontak. Die koste is ongeveer R50,00 wat kopiëring en posgeld dek.

Eddie sê alle radioamateurs in Suid-Afrika sal deur Graham se woorde geïnspireer word. Verder sê hy dit was lekker om amateurvriende persoonlik te ontmoet en blad te skud. Ook dankie aan die SARL se bestuur - "Dames en Here, julle verdien die ondersteuning van alle amateurs in Suid-Afrika."

WESRAND KATTEBAKVERKOPING

Die Wes-Rand Amateurradioklub sal op Saterdag 4 September om 12:00 SAT 'n kattebakverkoping by die WRARK-klubhuis in Krotonstraat Weltevredenpark, hou. Let asseblief op dat die hekke om 12:00 oopmaak. Vir meer inligting skakel Dave, ZR6AOC, op 083 449 8991. Ons sien daarna uit om u en u vriende daar te ontmoet.

SARL PRESIDENT BESOEK DIE WES-KAAP

SARL President, Graham Hartlett, ZS6GJH, gaan op uitnodiging van die Boland Amateurradioklub die Wes-Kaap op 18 September besoek. BARK hou op daardie dag 'n kort ledevergadering en het dit gepas gevind om die President van die SARL uit te nooi om die vergadering by te woon.

BARK nooi graag ALLE amateurs wat lid is van enige van die radioklubs in die Wes-Kaap, of lid is van die SARL, uit om die vergadering by te woon. Die vergadering sal in die Natuurreservaat van die Boland Landbouskool naby die Paarl plaasvind en sal om 11:00 begin. Na afloop van die verrigtinge sal daar gesellig rondom die braaivleisvure verkeer word.

SA AMATEUR TEGNOLOGIEINSTITUUT.

Die SAATI algemene jaarvergadering word vir Saterdag 25 September by die Alkantrant Assosiasie van Klubs op die hoek van Lynburn- en Meiring Naudestrate beplan. Dit sal die vorm van bring en braai aanneem en sal om 12:00 middag begin. Laat asseblief vir Richard, ZR6CK, by 012-333-0612 of Ams, ZS6YV, by 012-664-3629 weet as u beplan om die vergadering by te woon. Besprekings sal hoofsaaklik om die pad vorentoe handel.

NOMINASIES VIR DIE RADIOAMATEUR VAN DIE JAARTOEKENNINGS INGEWAG

Die Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust en Siemens Telekommunikasie rig 'n uitnodiging vir nominasies vir die 2004 Siemens Radioamateur van die Jaartoekennings. Daar is twee kategorieë waarin persone wat 'n besonderse bydrae tot amateurradio in Suid-Afrika gemaak genomineer kan word. Dit is die Radioamateur van die Jaartoekenning en die Jong Radioamateur van die Jaartoekenning. Die eerste kategorie is oop terwyl die tweede beperk is tot persone onder die ouderdom van 25 jaar. Die wenners sal elkeen 'n kontantprys van R1 000 en 'n sertifikaat ontvang. Wenners buite die Gautengarea sal voorsien word van 'n retoervliegtuigkaartjie en verblyf.

Die toekennings erken tegniese innovasie en die bevordering en ontwikkeling van Amateurradio. Aktiwiteite soos die reël van 'n openbare geleentheid of 'n DX-pedisie kwalifiseer vir 'n nominsaie. Die toekenning word nie gemaak vir persoonlike prestasies soos om 'n kompetisie te wen of 'n DXCC nie. Nominsaievorms kan verkry word deur 'n e-pos te stuur aan saardt@intekom.co.za. Nominasies sluit op 30 September 2004. Nominasievorms kan ook by die nuwe Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust se webwerf www.amateurradio.org.za afgelaai word.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Sonaktiwiteite was besonder stil oor die afgelope week. Voortplantingstoestande het ook niks opwindends opgelewer nie- tog was daar heelwat aktiwiteite op die bande. Die sonaktiwiteite is nog steeds in 'n dalende fase. Die verwagting is

dat dit nou sal stabiliseer en volgende week begin styg tot 'n hoogtepunt rondom volgende naweek. Die sonvlekgetal was op Vrydag 47,1 teenoor verlede week se 74,4. Toestande het dus baie verswak. Ongelukkig is die vooruitsigte op koronaopeninge op die sonoppervlakte ook nie baie rooskleurig nietog word 'n swak gedefinieerde opening tussen 28 tot 29 Augustus verwag met gepaardgaande verbeterde DX-toestande. In die VSA was toestande oor die afgelope week baie goed. Die 20 m band behoort die aangewese band te wees om te gebruik, met die 15 m band met skrale moontlikhede.

INTERNASIONALE VUURTORINGNAWEEK - PORT SHEPSTONE VUURTORING

Die afgelope naweek het 'n groot groep amateurs en belangstellendes van die Hibiscuskus Amateurradioklub meegehelp om 'n groot sukses van die verrigtinge te maak. Die radiospan het bestaan uit Gawie, ZS5R (sameroeper), Garnett, ZS5ZT, Brian, ZS5AZH, Peter, ZS5SK, Wim ZS5XRL, Brian, ZS5BOJ, Maurice, ZS5BCA, en Mervyn, ZS5QI (Meesterkok). Vele van die klub se ander lede, dames en kinders was ook teenwoordig.

Twee antennes nl. 'n G5RV en diagonale 20 meter dipoolantenna is gebruik. Die klub het ook die ongebruikte radiobaken se aluminiummas van 31 m as antenna gebruik, waarvan die resultate hulle gunstig verbaas het. Op beide dae is perfekte weer ondervind.

Daar is met 8 plaaslike en een vuurtoringstasie in Namibië, asook 30 ander plaaslike stasies en 10 oorsese stasies kontak gemaak. Almal het dank uitgespreek teenoor die Nasionale Hawe-Owerheid vir die gebruik van hulle fasiliteite. Op hulle beurt het het die mikrofoongebruikers ook hulle dank uitgespreek teenoor die meesterkok, Mervyn, wat die innerlike gelukkig gehou het.

KLUBNUUS

Die Midlands Amateurradioklub het op Woensdag 21 Julie hulle AJV gehou. Die opkoms was baie goed met 21 lede en 5 besoekers. 'n Nuwe komitee is verkies en op 21 Augustus is die verskillende portefeuljies toegewys; Die nuwe komitee lyk soos volg:

Voorsitter: Wessel du Preez, ZS5BLY; Ondervoorsitter en Klubhuisbestuurder: Bert Cornell, ZS5MQ; Sekretaris/Tesourier: Robin Seal, ZS5MRS; Herhalers/Pakket/Opleiding: Charles Carr ZS5QR, Peter du Plessis, ZS5PJ, en Willem Prinsloo, ZR5ZS; Noodkommunikasie/Hamnet: Johann Langeveld, ZS5JL; Skakeling/Byeenkomste/Lidmaatskap: Willem Prinlsoo, ZR5ZS; Databasis: Wessel du Preez, ZS5BLY; Hams Haywire News Redakteur: Robin Seal, ZS5MRS.

Vanaf Augustus het die klubvergadering geskuif van die derde Woensdag na die derde Saterdagoggend van elke maand. Vergaderings begin om 11:30. Die eerste vergadering was 'n groot sukses weens die goeie opkoms.

Die nuwe komitee bedank die uittredende lede vir 'n taak knap gedaan.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

29 Augustus SARL HF-GG-kompetisie; 29 Augustus: Die President se net weer op die lug; 4 September: Wesrand Amateurradioklub hou ’n kattebakverkoping; 13 September: Sluitingsdatum vir HF-GG-Kompetisielogs; 25 September: SAATI AJV; 30 September: Sluitingsdatum vir die Radioamateur van die Jaar Toekennings; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; 7 Oktober: Tweede been van die SARL 80-meter QSO-geselligheid; Betaal u SARL-lidmaatskapgeld; Maak ’n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za;

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. ’n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as ’n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u ’n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX